## KONTAKBESONDERHEDE


**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (**LW NIE** jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.
**QR kode op binneblad.**



Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Herman | Oosthuizen | 05/31 |
| Helena | Smith | 06/01 |
| Jaco | Beeselaar | 06/02 |
| Marlene | Burger | 06/02 |
| Maria | Deutschmann | 06/02 |
| Elvida | Grebe | 06/02 |
| Thys | Potgieter | 06/02 |
| Riëtta | Smith | 06/02 |
| Magda | Taljaard | 06/02 |
| Tolla | vd Vyver | 06/02 |
| Herman | Kleinhans | 06/04 |
| Jan | Moolman | 06/04 |
| Cecile | Liebenberg | 06/05 |
| Alwyn | Smit | 06/05 |
| Johan | Kotzé | 06/06 |
| Tommie | Maritz | 06/06 |
| Ettienne | Naudé | 06/06 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

31 Mei 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
**Drie-eenheidsondag**
10h00 Struisbaai
Nagmaal
Spesiale kollekte:
Veritas
Kategese
**Maandag**
10h00 Projekte en Funksies
**Dinsdag**
14h00 Klerebank
**Donderdag**
10h00 Barmhartigheid
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 07 Junie**
10h00 L'Agulhas
Kategese
Spesiale kollekte:
Lidmaatbediening

**NUWE LIDMATE:**
Ons verwelkom belydende lidmaat Ilse Lombard van NGK Stellenbosch

## VADERSDAG

Let wel, Vadersdag is op 21 Junie.

## DRIE - EENHEIDSONDAG

Drie-eenheidsondag word wêreld-wyd op die eerste Sondag ná Pinkstersondag gevier. Die misterie van die drie-enige God: Vader, Seun en Heilige Gees as een, word bely en geëer. Die fokus val op God se WERKE, sy WESE en die VERHOUDING binne die drie-eenheid. Die Christelike geloof, soos bevat in die tradisionele BELYDENISSKRIFTE, word bevestig.

**LIDMATE VERKIES TOT DIE KERKRAAD** op die Kerkraads-vergadering van 26 Mei 2026:
Leier Projekte en Funksies:
Annamarie Judd
Ouderling Vuurtoringblok:
Alphia Schutte
Ouderling Alfablok:
Jerome Daries

## MSINGA-UITREIK

Persone wat belangstel om deel te wees van Msinga-uitreik, 28 Junie tot 10 Julie, kontak asseblief vir Kobus Meyer by 084 514 2838.

**Teksvers:** Ps8 : 4 & 5
As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het, wat is die mense dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom om-sien?


## Ons bid vir...

1. Die heiliging van God se naam; die geskied van sy wil en dat sy koninkryk sal kom.
2. Mense in ons midde wat dwelm-afhanklik is, dat hulle gehelp kan word om weer op hulle voete te kom.
3. Mense wat operasies ondergaan het en hulle versorgers, vir spoedige herstel.
4. Diegene wat klere en nie-bederfbare kosse moet sorteer en versprei waar nodig, dat alles by die regte persone sal uitkom.
5. Veritas wat gemoeid is met die opleiding van geestelike leiers.

### FINANSIëLE JAARSTATE

Die geouditeerde finansiële state vir 2025/2026 is beskikbaar in die Kerkkantoor vir gemeentelede. Die state mag nie verwyder word nie en mag ook nie gefotostateer word nie.

## Vir ons kinders



Die triquetra" Die Drie-eenheid-simbool, genoem die "triquetra" in Latyn, is vanaf die 4de eeu gebruik om die Drie–eenheid van God voor te stel. Jy sien 3 dele wat inmekaar geweef is. TRIQUETRA beteken DRIEHOEK. Ons aanbid nie 3 aparte gode nie, maar GOD, JESUS en die HEILIGE GEES is EEN God.  Die 3 dele is ook elkeen volledig God.

### STORM- & VLOEDSLAGOFFERS

'n Inwoner van Bonnievale het Vrydagaand tydens die aflewering van 'n wavrag nie-bederfbare kos en klere gesê die dorp staan skouer aan skouer saam in die hulpverle-ning aan vloedrampslagoffers. Vol-gens haar is dit 'n groot proses om vas te stel wat elke gesin se nood is; van kleregroottes tot hoeveel pakkies na die verskillende gebiede gestuur moet word.

## Doen & Deel

Alles word deeglik georganiseer en gekontroleer om seker te maak dat elke persoon sy regmatige pakkie ontvang. Dit sluit klere, huishoude-like ware, seep, tandepasta, skoene en kos in. Radio Overberg se omroe-per op Bonnievale speel ook 'n be-langrike rol om mense bewus te maak van die nood. Die radiostasie sê hulle het nog nooit tevore sulke bui-tengewone ondersteuning en by-draes van oraloor ontvang nie.
Met die uitdeel van die pakkies word daar ook daagliks warm sop en voed-same, gevulde toebroodjies versprei om mense in nood by te staan. Die Bonnievale-inwoner vertel verder dat 'n plaaslike boer, wie se pampoen-land gelukkig nie deur die storm beskadig is nie, 'n groot hoeveelheid pampoene geskenk het. Die pam-poene word gebruik om heerlike pampoensop vir die vloedgeteisterde gemeenskappe te maak.

**WIE BREI SAAM?** Ons wil musse brei vir uitreike, hetsy STRAATWERK of elders. Kontak Joanie vir 'n breipatroon by 072 5193170.

### DANKIE VIR

1. Bydraes vir ons noodspens.
2. Riana Dreyer wat vanoggend se blomme gerangskik het.
3. Ondersteuning van die HOENDER-BRAAI ten bate van Keniasending.
4. Ella Johnson wat die klere vir VISSER-MANNE help sorteer en hanteer wat Diens van Barmhartigheid STRUISBAAI geskenk het.
5. Kobus Meyer se koekieverkope ten bate van MSINGA.
6. Mense wat vir Marietjie Bruwer yoghurt – en margarienbakkies bring.
7. Diens van Barmhartigheid se CAR BOOT SALE.
8. Suidpuntkoor en musikante se deel-name aan die musiekkonsert in Bredasdorp NG Kerk.
9. Letty-Ann en Danie Möller wat ons sakke vir storm– en vloedslagoffers kom oplaai en by Bonnievale gaan aflaai het.
10. Marie van Zyl en Plestina Kruger wat fluks help klere sorteer het om te skenk toe daar 'n aflaaigeleentheid opduik.
11. Tertius en PROPPIE Groenewald wat net betyds nog 2 sakke kon bylas!
12. Soveel betrokke lidmate in ons ge-meente.